


Die

Volgens
die geskie-
denis is
iemand
wat vir
sy volk
sterf 'n
HELD.



Volgens
die party-
politiek is
iemand
wat vir
sy volk
sterf 'n
MISLEIDE.

EERSTE JAARGANG.

WOENSDAG, 9 SEPTEMBER 1942.

No. 44.

Prof. Du Plessis Toon Oorsaak Aan van Volksverdeeldheid

Prestasies van O.B.-leiding Geskets Teenoor Verdag-making van Partypolitici

„Omdat die Herenigde Party hom vooras nog nie wou laat verruim nie, maar alle politieke seggenskap alleen wou behou asof hy self die politieke volk is, moes die grootste en mees politieke volksorganisasie vernietig word. Maar hy is nie vernietig nie, en hy sal nie vernietig word nie omdat die idee van die volksbeweging in hom vorm gekry het en die volk homself daarin herken,” het prof. L. J. du Plessis, hoof van die Grootraad se Beleidsafdeling, op 22 Augustus by geleentheid van 'n O.B.-funksie op Harrismith gesê.

Prof. Du Plessis het aanvanklik verwys na dr. Malan se pogings om Afrikaners verdrag te maak met allerhande onbeduidendhede. So het hy op Burgersdorp te kenne gegee dat spr. 'n nasionaal-sosialistiese verandering in die Eenheidskomitee se dokumente aangebring het, wat 'n ernstige saak is omdat dit ons bring tot die wortel van die kwaad.

„Wat die beskuldiging van eienagtige optrede betref, wil ek net sê dat die notule van 9 Junie 1941 lui: „Aan prof. J. L. du Plessis word opgedra om 'n ontwerp vir publikasie op te stel, wat so ver doenlik na goedkeuring deur die leiers van die gekoördineerde liggame aan die pers vir publikasie oorhandig sal word.” Verder bewys die notule dat dr. Malan nooit teen iets in daardie ontwerp soos gepubliseer beswaar gemaak het nie, sodat aangeneem moes word dat hy dit amptelik goedgekeur het, want dit saan vas dat hy dit voor publikasie wel gesien het. Op dieselfde wyse het dr. Malan ook onlangs prof. J. C. van Rooy verdrag probeer maak asof hy 'n dokument onderteken het wat homself tot manteldraaier sou verklaar, terwyl hy dit nooit gedoen het nie.

„Maar wat is tog die vreeslike nasionaal-sosialistiese verandering wat ek sou aangebring het? Net dit, dat ek in die gees van al ons besprekinge en van die deur dr. Malan gepubliseerde grondwet, by 'n sin wat ek self opgestel het omtrent die erkenning van die gewetensvryheid en die selfstandigheid van die verskillende maatskaplike kringe, die volgende woorde bygevoeg het: „In sover daardeur nie die neergelegde staatsbeleid ondermyn word nie.” En wat is nou hierdie neergelegde staatsbeleid? Dit verklaar daardie dokument self net kort tevore en soos ek ook destyds in 'n persoonlike gesprek oor hierdie saak aan dr. Malan aangewys het, in hierdie woorde: „Die staat moet waarlik republikeins vry en Christelik-nasionaal wees.” Wil dr. Malan dan hê dat die gewetensvryheid of die selfstandigheid van enige kring so ver gevoer moet word dat daardeur hierdie beleid ondermyn sal word, b.v. deur propagering van die uiterste kommunisme? Maar dan sou dr. Malan 'n volslae liberalis wees!

DIE OORSAAK

„Maar waarom word die nasionaal-sosialisme dan so heftig deur die party beveg en waarom ruik hulle dit al van ver as 'n peslug wanneer

geen normale mens nog iets daarvan merk nie? Dit is omdat die Nasionaal-sosialisme teen die liberale partystelsel gekant is en omdat dit 'n gerieflike paaiboelie is om teenstanders van die partyheerskappy by die volk verdrag te maak as Duitse Sappe en Godloënaars. Dit word veral bewys deur die Pirow-episode. As dit die Party-leiers werklik erns was om die Pirow-moeilikhed op te los, dan sou hulle voldoen het aan my dringende versoek om die saak vir advies na die Eenheidskomitee te verwys. Maar dan sou die heerlike stok teen Pirow en dr. Van Rensburg wat nie onder die partyheerskappy wou buig nie, uit hulle hande geval het.

„Dit was my doodsonde en dit was die O.B. se doodsonde, behalwe dat hy te sterk geword het, dat ons nie wou meedoen aan die party-afgodery nie. Ons ideaal is die volksbeweging en aan daardie idaal kan 'n party op sigself nie voldoen nie, hoe goed of nuttig hy ook origens mag wees, eenvoudig omdat hy 'n party is en nie die volk nie, selfs nie die politiek-aktiewe volk nie, het spr. verklaar nadat hy die Eenheidskomitee se opvatting verduidelik het. Ons kan die party nie gelykstel met die volk nie, en omdat ons die nasionale afgodery nie wou begaan nie, en omdat dr. Van Rensburg dit duidelik gestel het dat hy die volk bo die partywese stel, daarom het dr. Malan, en nie dr. Van Rensburg nie, die samewerking verbreek.

„Vir die verskeuring van ons velkeenheid is daar net een oorsaak, en dit is dat partyleiers hul party gelykstel met die volk en as sodanig feitlik verafgod sodat hulle elke volksgeenoot wat nie honderdpersent by hulle staan nie, brandmerk as onbetroubaar en verdragmaak as volksvyand.”

Die feit dat die H.N.P.-leiers nie die groter eenheid wil of kan raaksien nie, skryf spr. toe aan die feit dat hulle nog die nawerking ondergaan van die liberalistiese suurdeeg wat hulle onwillekeurig tot 'n mate vervreemd het van hul gemeenskaplike volksgeenootskap.

PARTY SE GEBREKE

Die parlementêre politieke party kan nie die politieke volksorganisasie wees wat die volk sal verenig en tot sy bestemming sal lei nie, omdat dit (a) nie werklik die volk verteenwoordig nie, o.a. aangesien dit baie volksgeenote om bykomstige redes uitsluit, oor en weer volksgeenote

beklad en onteer terwille van voordele in die ewige eleksiestryd, politieke seggenskap prakties beperk tot beroepspolitici, die politieke medewerking van ander volksorganisasies wat ook belang het by die politiek, uitsluit, sekere volksbelange wat nie juis stemme trek nie verwaarloos of selfs bestry en eindelik die gewone volksgeenoot net inbetrek wanneer sy stem nodig is, wanneer hy dikwels nog gekoop moet word om saam te werk — so weinig is sy siel in die saak!

(b) Geen konsekwente en radikale uitsuiwering van alle volkseuwels of algehele volksvernuwing kan nastreef nie, aangesien dit alleen die parlementêre weg wil bewandel wat die volk nie in sy diepste wese aangryp nie, alle optrede veroordeel en verdrag probeer maak wat bedoel is om die volk werklik in aksie te bring teen alle volksbederf, kragtige eenheidsleiding verwerp as diktatuur, seksionele selfstandigheid bepleit (Vervolg op bls. 2)

DIT SPOOK!

DIE KAAPSTADSE

O.B. TONEELVERENIGING

stel binnekort voor

Die Spook van Verlatenheid

deur F. W. Boonzaaier.

Verdere besonderhede binnekort.

GESONDHEID IS MEER WERD
AS RYKDOM

Beskerm u Gesondheid

en

Lewenskrag

GEBRUIK

LIFEBUOY-

GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N

GOEIE SEEP—

DIT IS 'N GOEIE

GEWOONTE

'n Produk van

LEVER BROERS.

Prof. Du Plessis en Volksverdeelheid (Vervolg van bls. 1)

sonder om tegelyk te erken dat die staat daar die selfstandigheid moet beperk as die regte van die volksgemeenskap dit vereis, altyd nog konksies met die kapitalisme en imperialisme behou wat hom verhoed om daadkragtig daarteen op te tree, en ten slotte niks durf doen wat die kiesers van allerlei soort en kleur te veel sal ontstem nie.

Op al hierdie punte was en is die volkspolitiiek in stryd met die partypolitiiek. Dit is dus geen wonder dat die volk sy geloof in die partypolitiiek vinnig verloor; en nou probeer die partye hulself te red deur die manne wat die koers van die volkspolitiiek inslaan, 'n egte Christelike-nasionale en Calvinistiese koers, verdag te maak as possiesoekers en aspirantdiktators en daardie koers self as nasionaal-sosialisme of in elk geval as vyandskap teen die bepaalde party.

O.B. SE PRESTASIES

Dit verby spr. om te kan meld dat die Ossewabrandwag hom bereid verklaar het om homself uit te brei tot die politieke volksorganisasie van die Afrikanerdom. Hy het nog geen rede gevind om die leiding van die O.B. te wantrou nie, want skinderpraatjies is geen argument of bewys nie.

„Die leiding moet nog steeds verder uitgroeï en daartoe verwag ons met reg die leiding van ons Grootraad en Kommandant-generaal, want wat ook al van hulle gesê word, hierdie onskatbare voordele het hulle in elk geval al vir die Afrikanerdom verseker:

„(a) die beliggaming van die idee van die volksbeweging; (b) stopsetting van die partypolitiieke verbrokkeling in sy eie kring; (c) voorkoming van onbesonne geweldpleging sowel as van lamelndige doodsheid, en (d) die behoud van sy enigs moontlike buitelandse vriende.”

Daarvoor eer ons hulle en sal die ganse Afrikanerdom hulle nog huldig.

NUUS!!

VIR ENIGIETS wat u mag nodig hê, veral RUBBERSTEMPELS, skryf aan:—

TAFELBERG INDUSTRIË

Kohlingstraat 16, Kaapstad.

Ons Posbestelling-Afdeling

Beweeg daeliks.

Om uself te oortuig

Bestel van ons
K.M.B.

Silva Mans- en Seunsuitrusters

Fluweel Ry-
broeke £4-15/-

Bestel vroegtydig
Voorrade

Beperk

Stuur u mate

So pas ontvang
'n pragtige reeks
Somerpakke; kom
koop vroegtydig.
Voorrade baie
beperk.

TOT U DIENS!

SILVA (Edms.) Bpk.

ORION-GEBOU

Voortrekker-Weg 386 A

CAPITAL PARK

PRETORIA

VREEMDE ONKRUID OP EIE BODEM

(„Tuinier.”)

„Al die volksorganisasies wat ons vandag besit — die O.B. inkluis — is gebore uit die volksbewussyn wat deur die Nasionale Party gekweek is.” (Die Volksblad, 26 Aug. 1942.)

As Tuinier in die volksboord wat op Afrikaanse bodem gegroei het, rondwandel en na die oudste eie lewensopenbaringe daarin soek, dan moet hy glimlag oor die onkunde van die H.N.P.-historici — dit is te sê as die sogenaamde feite wat hulle opdis eerlik bedoel word en nie 'n moedswillige verdraaiing van die waarheid terwille van „stemvangery” is nie. In laasgenoemde geval moet 'n mens natuurlik die spulletjie negeer.

Die oudste vorm van 'n eie Afrikaanse openbaring was die kommando. Dit weet selfs elke leek. Hierdie eerste organisasievorm waarin die Afrikaanse lewe tot kragdadige en onvervalste openbaring gekom het, hierdie eerste kraguiting van die Afrikanerdom vind sy voortsetting in die Ossewabrandwag.

Die tweede oudste eie lewensuiting van ons volk, wat in 'n vaste vorm tot openbaring gekom het, was die Volksbeweging van 1836. (Groot Trek). Dit was nie 'n politieke party met 'n wisselende program van beginsels en program van aksie nie. Die Kommando was die draer en beskerm van hierdie Volksbeweging wat uitgeloop het op die eerste vrye Afrikaanse volkstaat. Ook dit vind sy voortsetting in die Ossewabrandwag.

Die derde oudste lewensopenbaring van ons volk wat 'n vaste organisasievorm aangeneem het, was 'n Afrikaanse ekonomiese organisasie — die Boere-Beskerdingsvereniging.

Die vierde was die Afrikaanse taal- en kultuurbeweging — die Genootskap van Regte Afrikaners.

Die vyfde organisasievorm — maar dit is 'n vreemde boom in die eie boord — was die politieke party! Hierdie vreemde uitgroeïing op eie bodem, hierdie onkruid, word vandag nog deur die H.N.P. aan die lewe gehou!

Al die volksorganisasies wat ons vandag besit — ook die O.B. — is die voortsetting van die

eie lewensuiting en organisasievorms van ons volk gedurende die afgelope eeue.

Al die politieke partye — die H.N.P. inkluis — is die voortsetting van vreemde lewensuiting en organisasievorms wat in die afgelope halfeeu met geweld op ons eie bodem oorgeplant is.

Al die volksorganisasies wat ons vandag besit is gebore uit die eie Afrikaanse volksbewussyn wat in die afgelope eeue deur die politieke partye — die H.N.P. inkluis — met vervalsing bedreig is.

Die Afrikaanse volkslewe kan alleen dan weer gesond word as hierdie vreemde inenting teen die stam van die Afrikaanse boom afgesny word.

105 Takke
40,000
Lode

AVBOB

Reserwefonds
£90,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTEN

VOLKSKAS

IS U EIE

BANK!



Die Volk se Bank.

Fondse oorskry £2,000,000

Hoofkantoor:

Volkkas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA

Volkkas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)



'N VOORBRAND-PRODUK

TOETS U HANDELAAR

VRA „PATRIOT”

VOORBRAND TABAKMAATSKAPPY (Edms.) Bpk.,
Kommissarisstraat 200, Johannesburg.

IN

4

VERPAKKINGS:

GEEL,

lig.

BLOU,

Middel.

ROOI,

Populêr.

GROEN,

Donkerpyp.

OSSEWABRANDWAG-HUWELIK IN GROOTE KERK

Dit was 'n betekenisvolle oomblik toe mev. pres. Steyn, eggenote van die groot Republikeinse staatsman en volksvader, op Saterdag, 29 Augustus, onder die gekruisde O.B.-Vierkleur aan die arm van die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, voor die geskiedkundige gebou van die Groote Kerk deurgestap het by geleentheid van die huweliksbevestiging van hoofkomdt. J. de Vos, sekretaris van die Ossewabrandwag in Kaapland, met 'n kleindogter van die President, mej. Heana du Toit, dogter van dr. en mev. (genle.) J. S. du Toit van Kaapstad.

Voor die kerkdeur het 'n flinke O.B.-erewag van dames in wit gestaan met 'n erehoog van gekruisde Vierkleure. Dit was die eerste O.B.-huwelik in hierdie Kerk en dit het groot verbasing uitgelok veral van die kant van binne- en buitelandse vreemdelinge. Die kerk was nog selde so stampvol, en o.a. was teenwoordig al die hoofgeneraals van Kaapland sowel as die Kommandant-generaal en mev. pres. Steyn, wat aan die arm van dr. Van Rensburg die kerk binnegekom het.

Dit het gevoel of daar 'n diepere simboliese betekenis in lê toe die volksmoeder wat vir die Boererepubliek van vergange dae gelewe en gely het, onder die nuwe Vierkleur aan die arm staan van die leier wat vandag veg vir die Republiek van die toekoms.

Meer as 800 Afrikaners van alle beroepe het die gebeurtenis by Kelvin Grove feestelik gaan vier waar hulle op skitterende wyse onthaal is. Die heildronk op die egpaar is ingestel deur die Kommandant-generaal en dié op die ouers deur hoofgenl. dr. F. J. du Toit van Zyl, terwyl komdt. J. F. W. Haak as seremoniemeester opgetree het.

Die plegtigheid in die Kerk sowel as daarbuite was gekenmerk deur die gees van broederskap wat in die Ossewabrandwag aangetref word.

HELDEDAGVIERING

Die Reddingsdaadbond-takke Ysterplaat en Maitland gaan op 10 Oktober Hieldedag vier op 'n terrein geleë aan Loandastraat ongeveer 'n kwart myl ten noorde van die Martin Adamsaal, Brooklyn. Op die aand van 9 Oktober word 'n toneelopvoering gehou en dwarsdeur die volgende dag word feesgevier in die vorm van toesprake, Boeresport en volkspele.

Die hoofspreeker is dr. F. C. L. Bosman wat om 7.45 n.m. praat.

Koue etes en verversings word bedien.

KORRESPONDENSIEKURSUS

AFRIKANERS LUISTER MER! — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukurse. Laasgenoemde kurse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van: Unie-Boekhoukollege, Posbus 32, Alexandria.

MARKAGENTSAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik,
weekliks, maandeliks of soos
verlang.*

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

Schoemannelo-Drank

**VIR KWALITEIT EN TEVREDEN-
HEID DIE GOEDKOOPSTE**

	PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemeen- de kassie van 12 bottels.	PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kassie van 12 bottels.	PER GELLING. In 6-gelling vaatjies of meer.
WYNE:			
Fonkelwyn	3/-	5/-	—
Lewenswyn	3/6	3/6	—
Vermouth	2/6	2/6	—
Hanekraai-Cocktail	3/6	3/-	—
Likeurwyn	2/-	1/8	8/6
Jeripigo, Rooi	1/3	1/1	6/-
Jeripigo, Wit	1/3	1/1	6/-
Soet Muskadel	1/2	1/-	5/6
Port	1/2	1/-	5/6
Worcester Hock	1/3	11d.	5/-
Pontak	1/1	11d.	5/-
Spesiale Sjerrie	11d.	10d.	4/6
Sjerrie	10d.	9d.	4/-

BRANDEWYNE:			
Schoemannelo	5/9	5/-	26/6
Ekstra Spesiaal	5/6	4/9	25/-
F.C.	5/-	4/3	24/-

JENEWER	5/-	5/-	—
----------------	-----	-----	---

LIKEURS:			
Kersie-Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Anys-Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Gemmer- Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Lemoen Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Peperment-Likeur	5/-	4/3	24/-
Van der Hum	5/-	4/3	24/-

JENEWER LIKEURS:			
Lemoen Jenever	6/-	5/-	—
Suurlemoen- Jenever	6/-	5/-	—

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons Inhouders solank ons voorrade van Inhouders het, en alleenlik op voorwaarde dat die Inhouders binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, Kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van f1-15-0 beleef. Indien goedkoper kassies verlang word moet u u eie Inhouders aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kassie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.B. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

JURGENS SCHOEMAN

POSEBUS 142. OUDTSHOORN.

La Belle Alliance

Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

alle moderne geriewe

Billike Terme

Eienares: Mev. P. J. RETIEF,

Foon 2-3833

Ons ontmoet alle Treine.

Kloofstraat, KAAPSTAD.

**ONDERSTEUN ONS
ADVERTEERERS**

PAS VERSKYN!

DIE BITTER KELK

deur Mynhardt Fourie

Prys 6/- posvry

'n Man ontdek dat sy vrou 'n minnaar het, en dan begin sy soektog na die persoon met wie sy hom bedrieg het: En in die soektog gebeur vreemde, aangrypende dinge in sy siel: Hy word 'n nuwe mens, en uit die wedergeboorte tree hy te voorskyn met 'n vreemde vrede in sy hart, en 'n kalmte wat bo alle hartstog verheve is: Maar hierdie vrede bereik hy eers nadat sy siel deur 'n nag van angs en onheil gegaan het: Altyd is die vraag by hom: „Wie is die man wat sy liefhet?” En een oggend ontdek hy die identiteit van sy vrou se minnaar: U sal die verhaal van sy soektog stap vir stap volg, met ingehoue asem, totdat u van aangesig tot aangesig staan voor die onbekende man, en dan sal u die mistieke skoonheid en waarheid van hierdie boek begryp — U sal die bitter kerk van Brand se smaad en lyding saam met hom ledig, só intens, só oortuigend is hierdie boek geskryf; en aan die slot sal u saam met hom die hoë vrede, die oorwinning van die siel voel, oor alle hartstogte en alle smaad.

VAN AANGESIG TOT AANGESIG

deur C. M. van den Heever

Prys 8/6 posvry

Dis 'n moderne roman uit die lewe van 'n kleindorpse gesin. 'n Ontroerende beeld van 'n man wat eindelik van aangesig tot aangesig te staan kom voor die werklikhede van sy eie, gehuigelde lewe. Dis Van den Heever se grootste menseskepping — 'n Grootste Roman diep geput uit die polssende lewe.

'n Roman van C. M. v. d. Heever is altyd 'n literêre gebeurtenis van belang.

Hierdie werk bring sy kuns op 'n nuwe, hoër toppunt.

Bestel van —

DIE KAPPIE BOEKHANDEL

Telefoon 33/6797 — DE VILLIERSSTRAAT 15 — Posbus 845

Johannesburg.

Na Drie Jaar

Die oorlogsgeesdrif van diegene in Suid-Afrika wat meen dat hulle 'n groter roeping ten opsigte van 'n buitelandse moondheid te vervul het as wat die trou aan die land van hul inwoning van hulle eis, het in die afgelope drie jaar van vrugtelose stryd in belang van oorlogsvoorwendsels wat deur die optrede van die kampvegters daarvan self keer op keer verleen is, so afgekoel dat daar nou in die plek daarvan gekom het 'n gees van onverskilligheid, soos die groot oorlogsdrywer, Jan Smuts, 'n paar dae gelede moes erken het.

Van die groot patriotisme wat kenbaar geword het in die eerste paar weke van oorlogsvoering, toe die aanblik van 'n motor van Duitse maak of die teenwoordigheid van 'n Boereseun met 'n baard die oorlogsgeesdrif buite perke kon laat styg, is daar tans niks meer te merk nie. In die plek daarvan het gekom „'n gees van louheid” wat dreig om te veroorsaak dat „ons ons bondgenote nie waardig sal wees nie”.

Drie jaar van oorlogsvoering het egter die naaktheid van die voorwendsels aan die kaak gestel. Vir die Christelikesindes wie se deelname gekoop moes word met die slagkreet, „veg vir die Christendom” het dit oor hierdie tydperk duidelik geword dat Jode en Bolsjewiste nie vir dieselfde oogmerk kan offers bring nie. Daar moet iets meer agter wees.

Vir die demokratiesgesindes wie se bystand gekoop moes word met die slagkreet „veg vir die demokrasie” het dit in die afgelope drie jaar duidelik geword dat 'n Russiese diktator beslis nie vir dieselfde demokrasie kan veg nie, en toe die demokratiese voorvegters van Suid-Afrika die hoeksteen van demokratiese vryhede — die reg naamlik om nie sonder verhoor opgesluit te word nie — oorboord gewerp het en met die willekeurige septer van noodregulasies oor goed en bloed beslis, kon hierdie mense sekerlik nie te veel geesdrif vir die demokrasie waarvoor geveg moet word, verder openbaar nie.

Vir die vryheidsgesindes wat tot die oorlog moes toetree in belang van die vryheid van klein nasies het dit in die drie jaar duidelik geword dat hierdie oogmerk nie die ware een kon wees wanneer die groot „kampvegter van vryheid” en die land vir wie se vryheid self daar tot offers opgeroep word, met 'n bloedige hand die vryheid van 'n miljoene-volk in Indië onderdruk nie.

Vir die liberalistiesgesindes wat bereid was om hul offers te bring in belang van persoonlike vryheid deur vernietiging van die nasionaal-sosialistiese bedreiging, soos hulle wysgemaak is, het dit in die afgelope drie jaar duidelik geword dat 'n staat wat sy grense oopstel vir kommunistiese propagandiste en selfs sy radio tot beskikking stel om kommunistiese vergaderings aan te kondig en wat kommunistiese lektuur vrystel van die ban wat daarop geplaas is terwyl die nasionale geskrifte van die eie volk in die ban gedoen word, dit nie baie ernstig kan meen met die persoonlike vryheid van sy onderdane nie.

Diegene wat uit patriotiese gevoel aangebied het om met hul lewe die staatkundige vryheid van Suid-Afrika te gaan verdedig, het in die drie jaar wat verby is noodwendig tot die gevolgtrekking moes kom dat daar bepaald nie veel op die spel is as kapitalistiese „sleutel-manne” nouliks bereid is om aan die veilige tuisfront te manewreer, en die oorlogsgeesdriftige Minister van Finansies hom geroepe ag om die laagbesoldigde werker na verhouding swaarder te belas as hierdie baaiers in weelde nie.

Na drie jaar se oorlogsvoering het die skille van baie se oë geval en daarom het die geesdrif gewyk op die oomblik dat „ons voor die grootste noodtoestand in die wêreld staan”. Vroeër of later sal nog meer mense tot die gevolgtrekking moet kom dat daardie „noodtoestand” slegs bestaan vir die kapitalisme, die imperialisme en die kommunisme.

Oom Paul en die Demokrasie

Brosjure wat die Wese Aantoon van die Nuwe Revolusie

So pas het verskyn 'n brosjure van die hand van dr. J. Albert Coetzee „Oom Paul en die Demokrasie”. Dit beslaan 22 bladsye, en is verkrygbaar van die skrywer self, posbus 223, Johannesburg, teen 1/6 stuk (1/9 posvry).

Die stryd tussen die ou orde en die nuwe vandag word verkeerdlik deur baie gesien as 'n stryd tussen die idee van volksregering en dié van 'n diktatuur. Dit is beslis nie waarom die stryd gaan nie, hoewel daar dwarsdeur die wêreld 'n reaksie is ten gunste van die diktatuur as gevolg van die magtelose chaos waarin die demokratiese partystelsel die state van die volke laat verval het. By baie bestaan die neiging om 'n diktatuur in die lewe te roep ten einde met 'n sterk arm weer orde te skep, al is daardie diktatuur net 'n voorlopige.

Maar die hoofbeginsel wat op die spel is, is nie die vraag of daar 'n diktatuur moet bestaan of 'n demokrasie nie. Die geskilpunt lê veel dieper. Die stryd gaan oor die voortbestaan en ontplooiing van die nasieskap, van die organiese volk, en dit is dus 'n nasionale stryd teen die liberalistiese meganistiese staatsopvatting.

Ten einde almal in staat te stel om te volg, is dit nodig om aan te dui wat die betekenis van die woorde **organies** en **meganies** is. 'n Plant wat groei of 'n dier met lewe in hom is 'n **organiese eenheid**. Dit groei geleidelik en vorm 'n geheel. As een deeltjie van daardie liggaam of plant seergemaak word, voel die hele liggaam dit, want dit is aan mekaar verbonde met 'n **organiese of lewensband**. 'n Huis of gebou daarenteen is iets **meganies**. Dit groei nie, maar word inmekaar gesit. Jy kan hom uitmekaar maak en dele van hom verwyder sonder dat die res van die gebou dit voel. Dit besit dus geen organiese of lewensband wat die dele (die boustene) onderling saamhou nie.

Onder die ou liberalistiese orde was die volk beskou as 'n **meganiese samevoegsel**, d.w.s. soos 'n gebou. Aan hierdie meganiese volk is die hoogste gesag verleen. Hierdie mengelmoevolk wat bestaan uit alle burgers binne sekere staatsgrense is baas en sy woord of stem dra die finale gesag. Dit is wat ons noem **demokrasie**.

Teenoor hierdie opvatting het gestaan die **organiese of nasionale opvatting** wat in die volk 'n lewenseenheid sien. 'n Volk word nie saamgevoeg nie, maar dit groei en ontwikkel tot 'n eenheid bestaande uit geslagte, families en gesinne. Dit is saamgebind deur 'n band van **bloed**, en as één lid van die volk gebrek ly, raak dit die hele volk. Die volksgenote is deur 'n band van liefde (nasionalisme) saamgesnoer en praat een taal. In die demokrasie daarenteen kan 'n burger maar gebrek ly of omkom sonder dat dit die res van die volk seermaak. Daar sal van hom gepraat word as 'n „arme drommel” wat net „'n las” is vir die staat. In die demokrasie kan daar ook meer as een taal binne dieselfde staat gepraat word.

Die demokrasie was vyandiggesind teen die nasionale gedagte en het dit allerhande name gegee soos by voorbeeld rassehaat, „narrow-mindedness”, ens. In die demokrasie was hierdie nasionale gedagte onderdruk en is die organiese volk in die praktyk soms op gruwelike wyse vermink soos by voorbeeld deur die Verdrag van Versailles en ook Vereniging.

Ten hierdie onderdrukking van die organiese volk het die nasionalisme tans in opstand gekom. Dit verwerp die oppergesag van die demokrasie en strew tot selfverwesenliking van die nasieskappe. Hierdie strew tot selfverwesenliking is eie aan ons volk omdat dit ook 'n Bybelse standpunt is. Ons glo dat elke volk deur God geskape is met 'n eie bestemming. Dit was dan ook die wese van ons stryd teen die Britse Imperialisme.

Dit is by hierdie gedagte wat dr. Coetzee hom aansluit. In sy brosjure toon hy op heldere wyse die verskil tussen hierdie twee volksopvattinge en onderstreep hy die organiese ontwikke-

Vyf Vrae Beantwoord

'n Leser uit Bloemfontein het ons die volgende vyf vrae gestel waarop hy graag 'n antwoord verlang. Hoewel ons weens praktiese moeikhede nie persoonlike menings kan plaas nie, voldoen ons aan sy versoek om die vrae te beantwoord.

1. Waarom is ons Regering so partydig vir die H.N.P. en so erg teen die O.B. wat nie eens 'n party is nie?

Antw.: Die Regering is 'n party wat regeer volgens die partystelsel en alle partye sien in die O.B. as **volksbeweging** (wat teen die partystelsel gekant is) hul grootste vyand. Die H.N.P. op sy beurt is ook 'n party en is die Regering se bondgenoot teen die O.B., hoewel hy die amptelike Opposisie van die Regering is — die posisie wat die Regering tydelik weer sal beklee indien die H.N.P. 'n verkiesing sou wen volgens die sirkelgang van die partypolitiek.

2. Waarom mag staatsamptenare en onderwysers lede wees van die H.N.P. en nie van die O.B. nie?

Antw.: Staatsamptenare word kragtens wet belet om aktief deel te neem aan die politiek of lid te wees van 'n politieke vereniging, en so ook onderwysers. Weens sy groter vyandskap teen die O.B. is die Regering meer beslis in die toepassing van sy noodregulasies wat amptenare belet om lid van die O.B. te wees as wat hy is in die toepassing van die Staatsdienswet.

3. As in die Bybel gesê word: „Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie”, verstaan ons dit, maar mag die leier van die H.N.P. ook sê: jy mag geen ander leier voor my aangesig hê nie?

Antw.: Nee, en nog minder as die volk blyke gee dat hy graag van leier wil verwissel.

4. As in die Bybel gesê word: „Die wat nie vir ons is nie is teen ons,” mag die H.N.P. ook dieselfde taal gebruik? Is dit nie net so as in die geval van die leierskap nie — iets wat baie na Godslastering lyk nie?

Antw.: Die juiste woorde in die Bybel is: „Die wat nie teen ons is nie, is vir ons.” Dit is ook die woorde wat die O.B. aanvaar as rig-snoer vir eenheid, en daarom sê ons alle Afrikaners is ons vriende wat bereid is om vir die vryheid te veg, ongeag hul partyverband. Die H.N.P. daarenteen gaan uit van die verkeerde standpunt dat die wat nie vir ons is nie, is teen ons, en daarom het hulle die vriendskaplike O.B. aangeval net omdat hy nie onder hul vlerke wou inkruip nie.

5. Waarom is die O.B.-stem vir die H.N.P. so nodig terwyl hy die O.B.-lid uit sy party skop, hom beledig en verfoei?

Antw.: Om dieselfde rede as wat 'n party wat teen die kleurlingstemreg is by die kleurlinge sal gaan vry vir 'n stem. 'n Stem is die lewensbloed en lewensideaal van 'n party, en om dit te verkry is hy bereid om ook beginsels en volks-ideale prys te gee. Waar 'n partyleier dus O.B.-lede wegstoot terwyl hy hom nog op hul stemme beroep, toon dit slegs dat hy nie eens 'n goeie partypolitikus is nie, en gevolglik geen hoop het om ooit 'n republiek met stemme te verkry nie.

lingsgang van ons volk soos geopenbaar in ons geskiedenis, 'n ontwikkelingsgang wat regstreeks in botsing is met die demokratiese gedagte. Oom Paul was die verspersoonliking van die organiese gedagte en was die groot kampvegter teen die demokratiese opvatting.

Vir elkeen wat presies wil weet wat die grondbeginsels is waaroor die stryd vandag in Europa sowel as in ons eie land gevoer word, is dit nodig om hierdie werk te lees van iemand wat met gesag kan praat. Dr. Coetzee het sy doktersgraad behaal met 'n proefskrif „Politieke Groepering in die Wording van die Afrikanernasie” — die mees gesaghebbende werk op die oomblik oor ons politieke geskiedenis as geheel. Wat die skrywer dus bied, staan op pote, en is nie losse propaganda-skote nie. Dit is populêr geskrywe en behoort deur almal verstaan te word.

„Direkte Keuse van Veg of Ondergaan”

— Genl. J. A. Smith

„Daar is geen sit-politiek nie. Daar is 'n direkte keuse van veg of ondergaan,” het genl. J. A. Smith, A.K.G., by geleentheid van die Kommandant-generaal se vergadering op Stellenbosch voorverlede Donderdagaand gesê.

Genl. Smith het na die Elsburgse toespraak van dr. Van Rensburg verwys as die oproep tot groter eenheid. Daar het die K.G. die O.B. se standpunt vertolk wat alle Afrikaners wil verenig ongeag hul partyverband. Daar het hy dit beklemtoon en gesê dat Nasionaal-sosialiste ook binne die O.B. welkom is mits hulle honderdpersent Afrikaners is en die vryheidstrewa van die Afrikanerdom aanvaar. Maar in hierdie eenheidsgedagte is van partypolitieke kant juis 'n oorsaak tot stryd gesien.

Die Ossewabrandwag is die draer van die eenheidsgedagte en teen hom staan die draers van die groep- of partygedagte. Dit moet noodwendig lei tot 'n botsing tussen volksbelang en partybelang. Dit is ook 'n wêreldwye stryd waarin die Ossewabrandwag as kern van die

magte. Die Afrikanerdom se pad kan deur tronke en kampe loop, maar hy loop ander kant uit, want ons sien hom helder. In hierdie stryd is die Ossewabrandwag nie net verdedigend nie, maar hy het tans 'n nuwe stadium ingetres om ook aanvallend te wees. En in hierdie stryd is daar geen sit-politiek nie. Daar is 'n direkte keuse van veg of ondergaan.

Die vergadering is ook korteliks toegesprek deur genl. S. J. Pretorius.

Die pragtig gedekoreerde saal, die O.B.-orkes onder leiding van veldkt. S. J. Swanepoel en die puik vertoning van die studente se crewag het 'n aangename atmosfeer geskep.

BEVEL I.S. DIENSLAERS

Alle bevelaars aan offisiere i.s. Dienslaers word in hierdie blad van tyd tot tyd gepubliseer en moet volgens voorskrif uitgevoer word.

Die eerste studiestuk D.L. 1/42 het reeds in „Die O.B.” van 2 September verskyn en daaropvolgende stukke sal elke maand verskyn. Kommando's of veldkornetskappe of sodanige eenhede wat saamgetrek word vir onderlinge samesprekings, d.i. bespreking en wisseling van gedagtes in verband met die punte in elke studie-stuk saamgevat, word vir die besondere geleentheid van samekoms en bespreking Dienslaers genoem.

'n Dienslaer kan enige eenheid wees, nl. 'n kommando, veldkornetskap of kleiner eenheid van 'n kommando saamgetrek op bevel van hul onderskeie offisiere, vir die besondere doel van 1. bespreking en bestudering van volksvraagstukke en wat daarmee in verband staan soos aangedui in die studie-stukke wat elke maand gepubliseer word;

2. praktiese volksdiens soos deur omstandighede vereis mag word of van tyd tot tyd aan die hand gedoen word. Elke Brandwag kry die geleentheid op so 'n byeenkoms van sy Dienslaer om homself of haarself persoonlik op die hoogte van sake rakende die beleid van die O.B. te stel en sy persoonlike mening uit te spreek. Dis is dus die geleentheid om (1) inligting oor

IN DIENS GESTERF

Op 11 Augustus het die Ossewabrandwag-kommando van Wesrand 'n gevoelige verlies gely toe die ywerige jong offisier, Theunis Lou van Doornhoek, Krugersdorp, in 'n ongeluk gedood is onderwyl hy onderweg was na 'n offisiërsvergadering. Sy fiets het in botsing gekom met 'n wa en hy is onmiddellik gedood. Hy is op 10 Julie 1916 gebore en was 'n getroue en hardwerkende jong man in die kommando en was sy ouers se enigste sorg en steun in die boerdery. Sy dood word diep betreur deur sy ouers en vriendekring. In diens van sy volk het hy verongeluk.

die vraagstukke te bekom en (2) inligting en advies daaroor te gee.

Die kommandant of veldkornet met verlof van eersgenoemde roep sy offisiere en brandwagte bymekaar, lees dan die studie-stuk voor waarop die bespreking volg. Op hierdie wyse word almal wat deelneem aan so 'n Dienslaer se diens en medewerking tot die opbou van die volksbeleid verkry.

Hiermee word alle kommandante beveel om hul eenhede gedurende September, as kommandantskappe of veldkornetskappe op te roep vir die bespreking en bestudering van D.L. 1/42 soos gepubliseer in „Die O.B.” van 2 September.

Rapporte van die sametrekings kragtens bogenoemde bevel moet begin Oktober deur die onderskeie hoofkommandante aan die generaals gedoen word.

8 MAANDE „AANGEHOUD”

Sonder dat hulle ooit ondervra is, word twee persone, na uit betroubare bron verneem word, die afgelope agt maande kragtens die noodregulasies „vir ondervraging” aangehou. Hulle is G. A. Schulze en A. C. de Beer, wat reeds aan die begin van Januarie 1942 gelyktydig met die grootskaalse inhegtenisnames aangehou is en tot op datum is hulle, na verneem word, nog nie ondervra nie.

GENL. NEL GEÏNTERNEER

Berig is ontvang dat genl. O. L. Nel, A.K.G. van Natal, wat onlangs vir 'n paar dae deur die polisie aangehou en toe weer vrygelaat is, tans deur die Smutsbewind geïnterneer is.

AFRIKANER-KLEREMAKER!

Foon 5-1486

- Vir u volgende Pak ● Billike Pryse
- Werk Gewaarborg ● Beste Materiaal!

N. C. KOCH

Soutrivierweg 52 — Soutrivier

GAAN DR. MALAN BEDANK?

'n Hardnekkige gerug wil dat dr. D. F. Malan op die eerskomende Uniale Kongres van die H.N.P. aanstaande week gaan bedank as leier van die Party. Dit sal egter glo net 'n skynbeweging wees, want na verwagting sal die kongres hom weer herkies en moet sy bedanking slegs as middel dien om hom met nog groter volmag beklee te kry as verlede jaar. By die herkiesing sal hy naamlik voorwaardes stel wat sy mag sal vergroot. Verder sal so 'n gebaar ook die indruk skep dat hy geen persoonlike aspirasies in die huidige stryd koester nie.

idee van volksbelang die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger is. Die breukgedagte is in ons volk ingeënt. Ons volk het geleer dat jy 'n party het en nie 'n volk nie, en dis teen hierdie gedagte wat die O.B. die stryd moet voer. So ver as wat die stryd in die wêreld gevorder het, is dit duidelik dat die stryd reeds klaar in die guns van die volksgedagte teenoor die groepgedagte beslis is. U staan aan die seëvierende kant in hierdie stryd, het hy onder toejuiging uitgeroep. Ook in Suid-Afrika is dit die geval. Die O.B.-leiding was nog nooit meer tevrede met die toestand as tans nie, het genl. Smith verseker.

PARTY WAT REGEER

In Suid-Afrika het ons nie 'n volksregering nie, maar 'n partyregering en daarteenoor staan die verweer van die volk in die vorm van die Ossewabrandwag. Dit is die botsende twee magte en hiertussen staan die ander partyformasies wat stoei om staanplek te kry. Hulle is egter besig om selfmoord te pleeg, want hulle moet kies tussen die partypolitiek van die Regering of die volkspolitiek van die Ossewabrandwag. Aanvanklik was die stryd tussen die Regeringsparty en die O.B. alleen. Die eerste noodregulasie was gemunt teen die Ossewabrandwag. Later het as bondgenote van die regeringsparty die ander bygekom, maar ondanks die verbitterde stryd staan die O.B. nog en is die vertroue in sy leier nog ongeskonde. Die K.G. is 'n gewone mens, maar hy is die verpersoonliking van die volk se idee. Hy verteenwoordig daardie nuwe gedagtes en stap vir stap waar hy leiding moes gee, het hy leiding gegee in ooreenstemming met daardie gees.

Met verwysing na die stryd om vryheid het genl. Smith gesê dat ons glo aan die godsbeskikking van die Almagtige wat ons volk ook die reg van vryheid gegee het soos aan ander volke. Gelukkig kan daar met vrymoedigheid gesê word dat die vryheid van die Afrikanerdom vandag bespoedig word. Die Afrikanerdom is deur die Ossewabrandwag as sy leër gewikkeld in 'n harde stryd, en ons gaan dit enduit veg. Ons sal ons nie laat afskrik van die Empiremagte nie en nog minder van Jan Smuts se

Weet U?

by

KOLONIEWINKELS

Dames- en Mansuitrusters

wag u....

Geen Teleurstelling

net.....

WINSKOPIES !!

NOU GEOPEN

te

Burgstraat 57, Kaapstad

O

NS is dwarsdeur die Unia, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

B

ESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodigdhede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

HOU KOERS NA

Pro Ecclesia-Drukkery,

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

Die Laan,

Stellenbosch.

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE
besoek

Steyns

PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK

ONDERSTEUN ONS BLAD DEUR
DAAROP IN TE TEKEN

DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnter-neerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

	f	s.	d.
Reeds erken	4,171	1	9
Offergeld Knysna Kommando Julie	1	6	6
Baviaanskloof, Willowmore Veldkornetskaps	2	4	3
2de Bydrae Ceres Vroue-Kommando	10	4	2
Cathcart Veldkornetskaps	1	10	0
Maandelikse Bydrae Stellenbosch			
Werkgeselskap	2	2	6

£4,187 19 2

Die bedrag van £11-16-5 wat in die uitgawe 20 Mei verskyn het as Lyste Nos. 92 en 135 Bonnievale moet £11-6-5 lees.

TRANSSVAAL TOT 22 AUGUSTUS.

	f	s.	d.
Reeds erken	7,867	6	10
Kwitansie No. 485 Kommando 7B1	12	3	6
" 486 Bydrae	3	6	0
" 487 Kommando 4A3	1	0	0
" 488 Kommando 4B1	3	10	0
" 489 Kommando 4B5	3	10	0
" 490 Kommando 4B2	4	0	0
" 491 Kommando 4B3	32	4	6
" 492 Kommando 4B4	8	10	0
" 493 Kommando 4	2	0	0
" 494 Kommando 4	5	0	0
" 495 Kommando 4C	5	0	0
" 496 Kommando 4A1	2	10	0
" 497 Kommando 4B3	2	10	0
" 498 Kommando 4B2	2	4	6
" 499 Kommando 4B2	2	10	0
" 500 Kommando 9B7	2	6	4
" 501 Bydrae	2	0	0
" 502 Kommando 2A2	6	16	9
" 503 Kommando 1C6	1	0	0
" 504 Kommando 1A4	2	12	6
" 505 Kommando 9C1	5	0	0
" 506 Kommando 9A3	25	9	6
" 507 Kommando 10B3	20	12	0
" 508 Kommando 8A2	1	15	9
" 509 Kommando 9A6	24	5	0
" 510 Kommando 2A4	1	6	8
" 511 Kommando 1C	7	13	6
" 512 Kommando 8B4	7	10	6
" 513 Kommando 11A6	44	0	0
" 514 Kommando 9B6	2	5	6
" 515 Kommando 13C2	2	4	0
" 518 Bydrae	7	0	0
" 519 Bydrae	3	15	0

£8,113 10 4

K.G. UITERS TEVREDE MET TOESTAND

Groot geesdrif en krag is geopenbaar tydens die Kommandant-generaal se jongste reis deur die land. Voor sy toer deur die Boland het dr. Van Rensburg 'n besoek gebring aan Noord- en Oos-Transvaal. Van laasgenoemde deel was sy indruk dat die toestand werklik baie goed is. In Oos-Transvaal het hy goeie vergaderings toespraak op Lydenburg en Ohrigstad. Op Nelspruit (waar adv. Erasmus onlangs die geesdriftige gehoor van vier belangstellendes gehad het) is 'n O.B.-basaar met dieselfde geleentheid gehou. Onder die dames wat die hele middag gewerk het, was ook mev. Nel, moeder van Elsabe wat die voorbeeld van trou aan die Afrikanervolk gestel het. Op Belfast was ook 'n stampvolle stadsaal. Die vergadering daar is met gebed deur ds. Söhne van Waterval Boven geopen. In Oos-Transvaal het die O.B. sekerlik sy krisis deurstaan.

Die toer deur die Boland kan as 'n skitterende sukses beskou word. Vergaderings is deur die K.G. en genl. J. A. Smith toegesprek in Kaapstad, Worcester, Heidelberg, Gansbaai, Malmesbury en Stellenbosch. Op alle plekke was die sale vol, en op 'n dunbevolkte plekkie soos Gansbaai was meer as vierhonderd teenwoordig.

Met reg kon die K.G. dan ook verklaar dat hy nog nooit meer tevrede met 'n toestand was as op die huidige tydstip nie. Alle aanslae teen die Ossewabrandwag het in duie gestort.

SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

Termo uiters billik.

Raadpleeg SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.

Geklassifiseerde Advertensies

GEBORTE

JENS. — Met blydskap van die Heer ontvang op 20 Augustus, 'n fris Brandwagseun. Sy dankbare ouers ANTONIE en ANNA.
Wrightstraat 20,
Port Elizabeth.

VERLOWING

VISSER — BURGER. — Genl. en mev. W. P. Burger, Skansklip, Brandvlei, maak die verlowing van hul jongste dogter, Tiens, met A. J. Visser, Hoërskool, Calvinia, bekend.

DOODBERIG

WALTERS. — Ter gedagtenis aan my broer Fanie Walters wie op so 'n tragiese wyse verongeluk het op die 27ste Augustus 1942.

Rina Basson.

Voortrekkerstraat,
Porterville.

REDELINGHUIS. — Baie kalm en sag ontslaap in sy Heer, my dierbare en onvergeetlike eggenoot, Boy. Die wrede dood het losgeskeur, maar dit was Gods wil. Ek bedank baie hartlik al die offisiere en Brandwagte vir hulle onvermoeide liefde, en hulp, en ook vir blyke van innige meegevoel. Hy was getrou aan sy God, sy volk, sy land, Suid-Afrika.

Diep bedroefde eggenote,

B. Redelinghuys.

Annandale,
Malmesbury.

IN MEMORIAM

DIEP is die Piet Retiefse Kommando getref deur die heengaan van Asst. Veldkornet Paul Greyling op 23 Augustus 1942 te Piet Retief, in die jeugdige ouderdom van 29 jaar. Vir 'n kort tydjie was hy in ons midde en reeds het ons hom geleer ken as 'n Boerseun met 'n groot Afrikanerhart.

Ons meegevoel gaan uit na 'n jong eggenote en 'n seuntjie vir wie hy onmisbaar is.

Komdt. P. L. Benkes.

ONMIDDELLIK BENODIG

STERK gesonde jongman om bejaarde ou Vader op te pas. Salaris £6 per maand met vry inwoning. Doen aansoek by:—
Hoofkomdt. D. J. PITOUT, „Franshoek,” Bethlehem.

BENODIG

TWEE sakke eerste klas Potchefstroom Pearl Mieliesaad. Meld prys vir onmiddellike aflewering aan:—
O. L. NEL, „Middleton,” GREYTOWN, Natal.

GEKWALIFISEERDE Vroedvrou. £8-10-0 per maand, kos en kamer vry. Moet dadelik begin. Beginner-verpleegster, £5 per maand, kos en kamer vry: Auckland Park Verpleeghospitaal, Walton Laan 13, Auckland Park, Johannesburg.

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat,
MIDDELBURG, Tvl.Herefordstraat,
GROBLERSDAL, Tvl.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotore

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

Die Afrikaner
se Koffiehuys

Foon 3-0520

Wandelgang

Grootte Kerkgebou KAAPSTAD

Smaaklike Braatgeregte Saans.

Onthaal u vriende in die Koffiehuys.

RESEPSIES EN ONTVANGSTE.

TE KOOP

BOME: Geokkuleerde Pekaan-neutbome, Tung, vrugte en Rose. 20 jaar gevestigde besigheid. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus.
BUDMANSE EDENVALE KWEKERY,
EDENVALE NATAL.

RAMME. — Bou u skape uit vir beide wol en vleis. Gebruik Franse vleis-Merino en Corriedale ramme. Pryse vanaf £5. Doen aansoek:—
J. C. v. d. Walt, Hartbeesfontein, Middelburg, K.P.

PATATRANKE TE KOOP

PATATRANKE van die beste gehalte word u aangebied teen 1/6 vir 83 lbs. 6-maande ranke; 1/4- vir 45 lbs. 3-maande ranke; 4/- vir 45 lbs. borrie ranke, K.M.B. S. P. GERBER, P/S, Serpentine, Dist. George.

PATATRANKE. — Mooi gespruite ses-maande ranke 4/6 per 85 lbs.; drie-maande wit 4/- 45 lbs.; Borrie 4/- 45 lbs. K.M.B. Gelewer Serpentine Sylyn.
J. GERBER, P/sn., P.K. Hoekwyl, Dist. George.

SOUT TE KOOP

BRANDWAGTE, om 'n eerlike bestaan te maak, vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Al 4/6, No. 1 4/-, fyn bottersout 6/6 per sak, 200 pond, fyn bottersout 3/6, 100 pond. Gelaat Soutpan, Martie Venter, Possak Arbeidsloot, BLOEMFONTEIN.

PLAAS TE KOOP

PLAAS 33½ morg groot in Kirkwood. 17½ morg besproei-bare landerye, 16 morg weiveld. Huis met 5 vertrekke, 2,000 lemoenbome in drag, 1942-oes. 5,500 uitvoerkiste. Opbrings van 1942-oes ongeveer van £900 tot £1,200. Prys £3,000 en helfte van oes. Doen aansoek by A. L. BELLINGAN, Kirkwood.

AARTAPPELMOERE UITVERKOOP

Mnr. Advertensie Bestuurder,

STOP! STOP! tog aub. my advertensie vir Aartappelmoere! Ek kan nie voorbly om bestellings uit te voer nie.

O.B. BO.

JOHN SCHOEMAN, VLAKTEPLAASSTASIE, K.P.

HOUTSKOOL

BESTE kwaliteit KAMEEL HOUTSKOOL, teen 4/3 per sak. Indien eie sakke verskaf word 3/- per sak. Alleenlik K.M.B. Bestel van: J. J. PRETORIUS, WOL-RAM, P.S. SHEERNESS oor VRYBURG.

KAROO KRAALMIS

BESTEL vroegtydig en wees verseker van aflewering. Karoo Kraalmis, fyngemaal, geskik vir die gebruik met Kunsmistoestelle 27/- per 11 sakke-ton, 10 ton en meer 26/-. In u eie sakke 17/-. Vry gelewer Unie-stasies.
J. A. SCHOEMAN, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

KOOP NOU!

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars (Edms.)

Beperk.

Grootte Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210.

Foon 2-6806.

DIE GOEIE HOOP

(KOOP.) HANDELSHUIS, BPK.

Voortrekkerweg,

Hoofweg,

Bellville.

Durbanville.

Foon 9-7184.

Foon 60.

KRUIDENIERSWARE — LAAGSTE PRYSE.

MANS- EN DAMESKLERASIE.
DIE BESTE — DIE GOEDKOOPSTE.

VAN ZYLS

HOOFSTRAAT

PAARL

MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS
Voorsieners in Sportbenodighede

GROOT VERSKEIDENHEID TENNIS-RAKETTE

MAXPLY FORT

FRED PERRY SPECIAL

MAXPLY TOURNAMENT

SWIFT STROKE

ALICE MARBLE

CLUB

ALICE MARBLE JNR.

KING

OLYMPIC

HERSNARING VAN RAKETTE £1-12-6 — BESTE SNARE.

SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS.

OOK OP — PORTERVILLE